Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

NUUSBRIEF 17

22 Mei 2017

Geagte Ouers

GEMEENSKAPSPOLSIËRINGSVERGADERING
Met die inisiatief van die Villieria Polisie, word 'n gemeenskapspolisiëringsvergadering gehou op Donderdag, 8 Junie 2017 om 19:00 in ons skoolsaal. Hierdie vergadering het veral ten doel om ons inwoners van die omgewing hoofsaaklik in te lig aangaande diefstal van motors asook diefstal van besittings in die motors, wat kommerwekkend toeneem. Hierdie vergadering het by uitstek die voorkoming van dié tipe diefstal ten doel.

HEMELVAARTDAG DONDERDAG, 25 MEI 2017
Ons jaarlikse Hemelvaartdiens vind weer eerskomende Donderdag, 25 Mei 2017 om 11:00 in die NG Kerkgebou (Kerk in 30ste Laan) plaas. Leerders wat nie die verrigtinge gaan bywoon nie, moet slegs 'n kort skrywe aan sy/haar voogonderwyser oorhandig. Daar sal op Donderdagmiddag geen sportafrigting plaasvind nie.

EISTEDDFOD
Ons wens elke leerder wat gedurende die week aan die Eisteddfod deelneem, baie sterkte toe. Dankie vir julle harde werk.

REVUE
Hou asseblief Saterdag, 24 Junie 2017 oop. Ons beoog om weer 'n ekstra oefening vanaf 08:00 tot 10:30 in te pas. Verdere reëlings sal nader aan die tyd deurgegee word.

RUGBY
Oefening sal Maandag normaal voortgaan. Wedstryde by Laerskool Villieria vind op Dinsdag, 23 Mei 2017 plaas. Spelers sal programme ontvang. Geen oefening eerskomende Donderdag nie.

BULLETJIERUGBY
Ons volgende wedstryd vind plaas op Saterdag, 27 Mei 2017 by Laerskool Tygerpoort.

NETBAL
Die O/10 tot O/13 netbalspanne speel Dinsdag, 23 Mei 2017 'n ligawedstryd teen Northridge Primary tuis. Die dogters ontvang vandag 'n program. Daar is geen oefening eerskomende Donderdag nie, maar wel op Dinsdag, 30 Mei 2017.

MINI-NETBAL
Ons laaste Mini/Mandjie- netbaloefening van die jaar vind op Dinsdag, 23 Mei 2017 plaas. Dit is vir alle O/6 tot O/9-dogters. Ons herinner u wel aan ons wedstryde van Saterdag, 27 Mei 2017 by Laerskool Generaal Beyers. Leerders sal môre by hul betrokke afrigters die program ontvang.

HERREGISTRASIE 2018
Die herregistrasievorms vir 2018 word môre aan die leerders vanaf Graad 1 tot 6 uitgedeel. U moet asseblief alle inligting wat verander het in **ROOI** aanbring. Die vorms moet nie later as Maandag, 29 Mei 2017 by die onderskeie klasonderwysers ingehandig word. **NB Dui asseblief aan in die onderste blokkie van bladsy een (heel onder aan die linkerkant) of u kind weer volgende jaar (2018) 'n ingeskrewe leerder by Laerskool Villieria gaan wees al dan nie.**

RONNIE

Ons gebruiklike Ronniedag is op Woensdag, 24 Mei 2017. Bring asseblief al u afvalpapier skool toe. Ons vra weereens vriendelik dat u die witpapier apart sal bring. Ontvang asseblief ons dank aan die ouers wat die projek so getrou ondersteun.

SKAAK
Baie geluk aan die spanne wat Saterdag, 20 Mei 2017 gespeel het! Op Saterdag, 27 Mei 2017 speel al drie spanne weer ligawedstryde by Laerskool Pierneef. Baie sterkte!

Villiesgroete

_____
D P HAASBROEK
HOOF

Pennesakkie en Kombers Projek

Soos verlede jaar, gaan daar weer in samewerking met die Villieria Polisiestasie, pennesakkies/ blikkies met bruikbare skryfbehoeftes asook kombersies (kniekombersies) vir 'n minderbevoorregte skool geskenk word.

Geen van hierdie skryfbehoeftes of komberse gaan huistoe nie, maar gaan in die klaskamers gebruik word.

Kom ons maak almal ons kaste leeg waar ongebruikte skryfbehoeftes rondlê en stuur dit saam met u kind na Juf. Otten.

Vra asb. ook vir vriende of familie wat nie kinders in ons skool het, om deel te neem.

Die projek eindig 22 Junie